# GESKIEDENIS

## Uitvindings

## Graad 6


Week 5: 22 Mei

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Eenheid 4: Uitvindings

Talle van die wêreld se mees opspraakwekkende uitvindings het gedurende die Renaissance bekend geraak.

Het jy enige idee van watter uitvindings ons hier praat?



Die volgende 3 uitvindings het die verloop van die wêreldgeskiedenis verander...

Laerskool Mikro Kopiereg ©


# 1. Buskruit



Buskruit is in ongeveer die 9de eeu in China uitgevind. Een teorie oor hoe buskruit in Europa beland het, is dat dit met die Syroete deur die Midde-Ooste soontoe geneem is. Die gebruik van buskruit is vir die eerste keer in 1313 opgeteken.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

## 2. Karveel



Een van die belangrikste tegnologiese ontwikkelings van die Renaissance was die uitvinding van die karveel in die 1400’s. Die eerste karvele wat deur die Spanjaarde en Portugese gebou is, was ongeveer 15 meter lank. Die karveel het dit vir ontdekkingsreisigers soos Bartholomeus Dias en Vasco da Gama moontlik gemaak om oor die oseaan en om die suidpunt van Afrika te vaar.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

## 3. Magnetiese kompas




Historici glo dat Chinese die eerste magnetiese kompas uitgevind het. Hulle het mettertyd die ontwerp verbeter en tussen 850 en 1050 is kompasse gebruik om skepe te navigeer.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

LAERSKOOL MIKRO

## Seevaarders het sekere uitvindsels nodig gehad om hulle in staat te stel om die volgende goed tydens 'n reis te doen:

- Ver van die land te seil sonder om te verdwaal.
- Seker te wees dat skepe nie oor die rand van die wêreld sou val nie.
- Skepe te gebruik wat vinnig van rigting kon verander, vir lang reise geskik was en in gevaarlike wind kon seil.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

## Ander uitvindings van die Renaissance era sluit in:

1300's: Die eerste meganiese horlosie

1456: Die drukpers

1590's: Die spoeltoilet

1608: 'n Eenvoudige ontwerp van 'n teleskoop

1624: 'n Duikboot

1680: Die vuurhoutjie

Laerskool Mikro Kopiereg ©

Voltooi nou die volgende aktiwiteit in jou Algemene Skryfboek.

Opskrif: Aktiwiteit 2

1. Dink jy die uitvinding van buskruit het die manier waarop mense oorlog gevoer het, verander? Verduidelik. (Brei uit oor oorlog voor en na buskruit)

2. Verduidelik hoe die uitvinding van die magnetiese kompas en die karveel die Europeërs gehelp het om ander dele van die wêreld te verken?

3. Verbeel jou dat nie een van die volgende uitvindsels is ooit uitgevind nie. Buskruit, karveel en kompas. Hoe sou dit ons optrede/lewe beïnvloed?

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Dankie!

Jy het hierdie week se Geskiedenis voltooi.

Lekker naweek ☺

Laerskool Mikro Kopiereg ©